Maak nou erns met huisgodsdiens -

hou hierdie in gedagte

DR. JACO KRUGER & JEUGBEDIENING

- Huisgodsdiens is ‘n gefokusde ontmoeting met die Here.
  Die hele lewe, die hele dag, is saam met die Here, maar met huisgodsdiens is ons met aandag en fokus by die Here. So bevestig ons dat ons huisgesin ‘n geestelik hart het.

- Huisgodsdiens kan op baie verskillende maniere, tye en plekke gebeur. Moenie dink daar is net een regte manier nie, en moenie bang wees julle doen dit verkeerd nie.

- Hou hierdie breë beginsel in gedagte: as ‘n ontmoeting met die Here is daar ‘n luister element en ‘n praat element by huisgodsdiens betrokke, en beide hierdie elemente kan op verskillende maniere gebeur.



- Luister:
  - o Lees as gesin ‘n gedeelte uit die Bybel saam
  - o Praat daaroor met mekaar
  - o Of lees ‘n dagstukkie wat dié gedeelte of verse bespreek
  - o Luister na ‘n potgooi (podcast) waarin ‘n Bybelgedeelte gelees en oordink word
  - o Kyk na ‘n kort video waarin ‘n Bybelgedeelte gelees en oordink word
- Praat:
  - o Laat een van die gesinslede julle lei in gebed
  - o Julle kan vooraf hoor of daar gebedsversoeke is, of julle kan die verkillende elemente van ‘n gebed onder mekaar verdeel (lofprysing, verootmoediging, danksegging, smeking, voorbidding) of julle hoef ook nie, en die persoon wat bid kan maar net bid soos die Gees haar/hom lei
  - o As julle wil kan julle ook saam sing

- Wie neem leiding by huisgodsdiens?
  Die ouers sal seker leiding neem om die gesin bymekaar te kry vir huisgodsdiens, maar dit beteken nie dat die ouers (of net een ouer) altyd leiding neem tydens huisgodsdiens nie. Julle kan onder mekaar roteer wie lees, en wie bid. Die huisgesin is juis ‘n veilige ruimte waar almal kan “oefen” om te bid.

HIER IS NOU ‘N GELEENTHEID!

Begin net. Hoe meer julle dit doen, hoe makliker word dit, en as ‘n mens in ‘n ritme kom, dan help dit ook baie. Onthou, selfs egpare wat nie kinders het nie, kan ook hierdie ritme van om saam in die Here se teenwoordigheid in te kom, baie kosbaar – selfs onontbeerlik – vind.